# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D   9:00**

## Magteloosheid verdring jou vertroue in die Here

**Skriflesing:** Eks 3:1-4:17

**Teksvers**: Eks 3:11, 14

**Sing**:
Ps 147:1, 4
Ps 40:4
Ps 105:2, 5
Sb 10-2
Sb 14-2
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Magteloosheid verdring jou vertroue. Magteloosheid verdring alle hoop, alle vreugde, alle lewenslus. Om magteloos te voel, is om te voel daar is niks wat jy self kan doen wat jou lewe kan verander of verbeter nie...

Magteloosheid laat jou heeltemal verlam. En die wêreld waarbinne ons leef, is 'n wêreld waarbinne ons al meer en meer magteloos voel. Met die inperkingsregulasies was ons volkome van enige magte gestroop. Soveel so dat nie net ons vryheid ingeperk is nie, maar ook ons vermoë om te werk. En wanneer ons so magteloos voel, dan word daardie magteloosheid baie gou ook hopeloosheid.

Hierdie hopeloosheid bring 'n gevoel van betekenisloosheid en uiteindelik dat jy jou norme eenkant skuif en jouself isoleer en vervreem. Magteloosheid verdring uiteindelik ook jou vertroue in die HERE... Dit laat jou ook twyfel oor wie jy is, oor jou karakter, jou persoon, en jou hele bestaan.

Ons gaan vir die volgende paar preke stilstaan by verskeie karakters uit die Bybel en sien hoe die Here hulle op die proef gestel het, en hoe hulle behoue gebly het.

**S O N D A G A A N D   18:00**

## Die betekenis en doel van die vervulling met die Heilige Gees

**Skriflesing:** Hand 4:23-31

**Teksvers:** Hand 4:31

**HK**: Sondag 20

**Sing**:
Sb 1-2:1,2,3
Sb 8-1:2
Ps 47-1:1,4
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Is vervulling met die Heilige Gees net vir sekere Christene bedoel? Kan ek ook bid vir vervulling met die Heilige Gees? **Hand 4:31** "*Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud.* ***Hulle is almal met die Heilige Gees vervul*** *en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig*."
Vra jouself die vraag af…

- Wil ek met die Heilige Gees vervul wees?
- Het ek al gebid om met die Gees vervul te word?
- Hoekom wil ek met die Heilige Gees vervul wees?

**EN**

- Is ek met die Heilige Gees vervul?

Ons gaan na drie sake kyk:
1. Hoekom moet ons vervul word met die Heilige Gees!
2. Hoe word ons vervul met die Heilige Gees!
3. Wat is die doel om vervul te wees met die Heilige Gees?




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 45   Nr 21   7 Junie 2020**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## Die amp gaan die kerk vooraf
## -die erediens as (amp)telike vergadering met God

Die ingrendeling het ons as kerk tot baie insigte gebring... Dit laat ons opnuut nadink oor die doel en die wese van ons geloof, en natuurlik die wese van die kerk. Is daar iets dieper aan die belydenis van "heilige, algemene, katolieke kerk, die gemeenskap van die heiliges"?

Prof. Dries du Plooy skryf 'n baie goeie en belangrike artikel in Die Kerkblad, Junie 2020 oor die wese van die erediens en of dit moontlik is om sakramente so oor die internet te bedien.

Hy skryf: "*Die tegnologie het in ons tyd geweldig ontwikkel en ons almal het 'n goeie begrip van hoe kerke nuttig gebruik maak en kan maak van die tegnologie. Sondae kan ons met gemak en effektief elektronies inskakel en luister (en selfs kyk) na ons predikant (of na ander predikante) se aanbieding van 'n virtuele diens*."

Hy skryf verder: "*Dit is egter nie 'n erediens nie. Die begronding vir 'n erediens word in die vierde gebod gegee, en die prinsipiële raamwerk hiervoor vanuit die Skrif verder in Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus geformuleer. Belangrike elemente daarvan sentreer rondom die feit dat dit 'n fisiese samekoms van gelowiges onder leiding van die Heilige Gees is waartydens na die bediening van die Woord geluister moet word, sakramente gebruik moet word, saam gebid word en die Christelike liefdesgawes gegee word*."

Hy verduidelik dan: "*'n Inherente eienskap van die erediens is deelname en geloofsaktiwiteite tussen God en sy volk. Dis 'n ontmoeting tussen God en sy volk op 'n geskikte plek van aanbidding. Dit is 'n amptelike vergadering van gelowiges (of kerk) onder leiding en toesig van die ampte wat God self daarvoor ingestel en laat bevestig het. Tydens sodanige erediens/ontmoeting met God is daar 'n bepaalde liturgie (sakrale of heilige handelinge) wat van die aanvang tot die afsluiting 'n besondere amptelike toonaard en karakter daaraan verleen (vgl. Ook die NGB art 27-32).* "

'n Erediens word uit die hemel as opdrag gegee. Dit is nie die "kerk" se erediens nie, maar die Here s'n. Dit is daar waar die gelowiges almal saam kom, om in die eenheid van ware geloof die Here met lofsange en danksegging en gawes te eer.

Die erediens is 'n amptelike vergadering tussen God en volk. Amp-telik. Met ander woorde die ampte moet teenwoordig wees. Want die amp gaan die kerk vooraf. Die Here gee eers die ampte, die gawes, en daarna versamel Hy die die kerk...

Vervolg bl 5 ...

## *ALGEMENE INLIGTING*

Volg die skakels is op ons webwerf by http://gkcenturion.co.za/ en luister/kyk na:

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Skakel gerus u: Ds, Ouderling of Diaken ingeval van nood.

Kerkkantoor word nie tans beman nie, u kan 'n epos stuur na kerkkantoor@gkcenturion.co.za

---

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

---

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



... vervolg van bl 1

"*Hy het immers gegee, sommige as apostels en ander as profete en evangeliste en herders en leraars om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk..."* Efesiërs 4:11 ev.

Daarom stel die apostel in Romeine 10:14 ev "*Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie*?"

Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is uit die Woord van God... Deur die verkondiging van die evangelie kom ons deur die werking van die Heilige Gees tot geloof.

Die amp is noodsaaklik vir kerkwees. Sonder die ampte kan ons ook nie erediens hou nie, ten minste, nie soos die Here dit as opdrag gee nie. Daarom het ons as predikante onder leiding van die "Corona-kommissie" wat die bedieningskommissie is, soos aangewys deur die kerkraad, sover dit vir ons moontlik was die virtuele dienste gehou soos 'n erediens.

Nou het ons egter weer toestemming van die owerheid om met die ampte 'n erediens te mag hou. Ons bede is dat ons spoedig saam met die gemeente mag saamkom, soos die Here dit van ons verlang om Hom met ons hele hart en siel en al ons kragte te aanbid.

Lourens (vdm)

## SKEP HOOP FONDS

Die taak van die diakonie is om in die gemeente van Christus die diens van gemeenskapsbeoefening en liefdesbelewing te onderhou, te bevorder en uit te bou as die konkrete belewing van die liefdesgemeenskap tussen die kinders van God. Die diakonie voel dus geroepe om, gegewe die uitdagings wat ons lidmate met die huidige COVID-19 pandemie ondervind, die diakonale werk binne ons gemeente te versterk.

Die diakonie verwag dat die gewone diakonale dienswerk nie voldoende gaan wees nie, en dat daar 'n groter nood is wat nou reeds aangespreek moet word. Hierdie is dus 'n liefdevolle meelewing van die hele gemeente, ter ondersteuning van mekaar in nood. Daarom begin die diakonie met die "Skep Hoop Fonds" en vra dat lidmate asb die fonds moet ondersteun.

Die fondse wat ingesamel word sal uitsluitlik vir barmhartigheidswerk binne ons gemeente aangewend word, en spesifiek om gemeentelede wat finansiële probleme ervaar as 'n direkte gevolg van die pandemie en die meegaande staat van inperking. Lidmate kan bydraes direk in die Diakonie se rekening oorbetaal of via Zapper:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion; Bank: ABSA Lyttelton; Takkode: 632005; Rek no: 600 280 589; Verwysing: Skep Hoop

Skakel asb u diaken, ouderling of predikant indien u hulp verlang of stuur 'n epos aan: skephoop@gkcenturion.co.za.

Alle aansoeke om van die fonds gebruik te maak sal **STRENG VERTROULIK** hanteer word deur die Diakonie. Volledige proses om van die fonds gebruik te maak is op die GK Centurion web beskikbaar.

Marius Gerber 082 327 2949; Rudy Kruger 082 468 6035; Petra Swanepoel 082 927 7324 (Blok A - Voorsitter); Lourette van den Berg 082 269 2894 (Blok B - Voorsitter); Theuns Louw 082 815 4272 (Blok C - Voorsitter)

# VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

### BELYDENDE LIDMATE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 08-Jun | Melissa | Smith | B10 | 27828563704 |
| | Casper | vd Walt | C15 | 27614584551 |
| 09-Jun | Niel | Erasmus | B16 | 27721295918 |
| | Amanda | Niezen | C13 | 27828248973 |
| | Casper | Venter | B07 | 27828536637 |
| | Karin | Verreynne | C11 | 27829555369 |
| | Rudie | Vorster | A16 | 27647599366 |
| 10-Jun | Lucia | van Wyk | C02 | 27834495679 |
| 11-Jun | Riana | v Jaarsveld | B03 | 27828516869 |
| 12-Jun | Wynter | Du Plooy | B10 | 27825252169 |
| | Gys | Ferreira | B12 | 27839875626 |
| | Jan | Guldemond | A01 | 27834007598 |
| | Ellie | Klöckner | E01 | 27822163768 |

### DOOPLIDMATE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 07-Jun | Emma | Groenewald | A03 | 27828195947 |
| 08-Jun | Ruben | Visser | C05 | 27824578696 |
| 09-Jun | Shané | Mc Cabe | A16 | 27833813581 |
| | Ilnah | van Wyk | B15 | 27766487423 |
| 10-Jun | Cornell | Engelbrecht | A14 | 27726981649 |
| | MJ | Erasmus | A10 | 27846741108 |
| 12-Jun | Mila | Kruger | C06 | 27792783200 |
| 13-Jun | Jonay | Krynauw | B13 | 27798460909 |

## Vrydag-Grendel-Winkel

4-12 Junie

| | |
|---|---|
| Vetkoek en Maalvleis | R25 |
| Melktert | R40 |

**Beskuit** (500g)

Keuse van: Karringmelk / Growwe/ All Bran R50

**Konfyt** (500g)

Keuse van: Makataan/Bloubessie/Tamatie/Druiwe R50

**Droë Vrugte:** (500g behalwe waar anders aangedui)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ongeskilde perskes | R45 | Geskilde perskes | R60 |
| Gemaalde perskes | R45 | Nektariens | R50 |
| Pruimedante | R45 | Gemengde Vrugte | R50 |
| Vrugte lekkers | R40 | Appelringe (250g) | R35 |
| Pere | R45 | Vrugtevlokkies (250g) | R40 |
| Perskerolletjies (100g) | R15 | Pererolletjies (suikervry 100g) | R15 |



**Bestellings sluit 10 Junie 12:00**

**Plaas bestellings by Liana 071 6000 368**

**Bestellings kan 12 Junie tussen 16:00 en 18:00 by kerk opgetel word**

## Sustersaamtrek 2021

In lig van die onsekerheid wat op hierdie stadium ervaar word met die Covid-19 pandemie, is daar besluit om nie voort te gaan met die Sustersaamtrekke in Maart 2021 nie. Die reëlings vir die aanbieding van Saamtrekke vir Maart 2022 bly dieselfde soos vir Maart 2021 en ons gemeente sal dus steeds verantwoordelik wees vir die volgende saamtrek wat aangebied word, nou egter 'n jaar later.

Ons sien steeds uit om in 2022 hierdie spesiale geleentheid aan te bied en gaan die ekstra tyd gebruik om die nodige fondse in te samel, gegewe die finansiële impak wat die inperking op die ekonomie geplaas het, en ook onder ons gemeentes en susters.

**Hoop & Help** Pastorale en Life Coaching berading, gratis. Esther du Plessis 0718682257.

**Bouplanne**—Skakel Tertius Horak 082 925 6015 vir enige argitek werk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en gebouplanne insluitend Stadsraad goedkeurings.

**Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal**? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Het u 'n meubelstuk wat vra vir herstelwerk?** Het u kaste waarvan die skarniere, laaispore, slotte ens nie meer werk nie? Kontak my asb vir 'n gratis kwotasie. Jan Reesink 079 455 4580.



# Ons gee om vir Mekaar

"...die Here sal my onder sy sorg neem." Ps 27:10

- Luit Bakker sterk aan in die hospitaal (A6—007 1972).
- Marijke Mostert sterk tuis aan (A2—664 2976).
- Engel de Jonge gaan gedurende die week 'n prosedure ondergaan (B12—807 2466).
- Johan Snyman sterk aan in Eugene Marais hospitaal (C6—667 4003).
- Kas vd Walt gaan môre 'n prosedure ondergaan (C3—664 8284).
- Meelewing word betuig met:

⇒Anne-Marie Kruger na die afsterwe van haar skoonpa.

⇒Cassie en Susan vd Walt en familie na die afsterwe van Cassie se broer.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

Metode om tot die ***2 Miljoen Bybels-projek*** by te dra:

Betaal jou skenking per EFT in die GK Centurion se bankrekening met verwysing: ***Bybelgenootskap***

## Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Broadcast every Sunday at 11:00***

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

__Vandag:__ Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Teologiese studentekas

__Volgende week:__ Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie